

8 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 119:17-24 (OAV)
Fokusgedeelte: Psalm 119:17, 23, 24

Kneg van God, neem raad van die Woord!

Die kneg van God, die mens wat diensbaar aan God is, kan nie sonder die Woord wees nie. Sy lewe is verbind aan sy gehoorsaamheid aan die Woord. Dit is sy smeking: Hy wil lewe om gehoorsaam te wees. Hy wil lewe soos God sê. Wat Hy sê, is sy Woord. Dit is die lewenswyse van sy mense. Hy werk dit in ons, daarom word Hy daarvoor gevra.

So word ons toegerus vir die lewe in diens van God. Met die Woord gaan die kneg van God deur die lewe. Sonder die Woord verdwaal hy. Hy word soos almal om hom. Dit mag nie. Die kneg van God is 'n vreemdeling op aarde. Hy is 'n reisiger. Die gebooie maak dat hy dit nie vergeet nie. Dit sorg dat hy nie hier gemaklik raak nie.

Die kneg van God mediteer, hy dink na oor sy insettinge. Sy insettinge is gedragsvoorskrifte wat altyd geld. Om dit te bedink, is tot behoud van die kneg. As die leiers van die aarde planne teen die gelowiges bedink, is dit belangrik dat ons nie sal twyfel nie. Ons moet weet wat God sê. Ons moet weet hoe Hy oordeel. Dan kan ons staande bly. Dink na oor wat die HERE sê. Dit is toerusting wat ons aan die lewe hou.

Die kneg van God verbly hom in die getuienisse van God, dit is in die openbaring van sy wil. Daar kry hy raad. Hy vra nie na sy eie mening nie. Hy vra nie na die mening van die mense nie. Die mens wat raad vra by sieninge, leef met sieninge. Die wêreld het genoeg daarvan, wat ons nêrens bring nie. Die kneg van God vra wat Hy wil hê, dit doen hy, dit is die raad wat hy soek. Dit maak hom weerbaar.

So rus die Gees die knegte toe om in Christus gehoorsaam te wees aan God, ons Vader. Neem raad van die Woord. Dit gee vir ons koers aan wat nie beskaam nie.

Sing: Psalm 119:7, 8 (1936)

Ds. PJ Jansen van Nieuwenhuizen (Marble Hall)